Sirkels

Alex Latimer
Gordon Latimer
Patrick Latimer

Sirkels

Hierdie boek behoort aan

_____

bookdash.org

Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative volunteers to create new African storybooks that anyone can freely print, translate and distribute. Then we work with partners to give those books to preschool children to own.

To find out more, and to download beautiful, open-licensed, print-ready books, visit bookdash.org.

Sirkels
(Circles)
Illustrated by Patrick Latimer
Written by Alex Latimer
Designed by Gordon Latimer
Translated by Nal'ibali
with the help of the Book Dash participants in Cape Town on 2 December 2017.

ISBN: 978-1-928497-17-2

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/).

You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use. No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.

Sirkels

Alex Latimer

Gordon Latimer

Patrick Latimer

’n Jong aasvoël woon saam met sy ma teen ’n krans.

Toe hy oud genoeg is om te vlieg, neem sy ma hom hoog in die lug op en hulle sirkel saam terwyl hulle die grond onder hulle dophou.

“Ek wil vir jou iets wys wat baie mooi is,” sê sy vir haar seun.

Hulle sien ’n ou gemsbok wat in die hitte voortstrompel. “Kyk daar. Daardie gemsbok gaan nie lank hou nie.”



Die twee aasvoëls vlieg af grond toe. “Dis nie mooi nie,” sê die jong aasvoël vir sy ma. “Dis aaklig!”

En die bok sak sowaar net daar inmekaar en gaan dood.

“Ek weet,” sê sy ma. “Die dood is baie swaar en baie hartseer. Maar dit is ook baie mooi.”

“Nooit gesien nie,” sê die jong aasvoël. “Sies.”

“Wag maar,” sê sy ma. “Ons kom binnekort terug hierheen en dan sal jy sien.”



Die volgende week gaan kyk hulle weer na die dooie bok. Sy geraamte is nou skoon en wit, en klein plantjies begin tussen die bene opkom.



Die week daarna het die lote opgeskiet en begin blom. ’n Skoenlapper fladder om die blomme en ’n duisendpoot rus in hul skaduwee.

’n Week later pluk ’n paar vinke die blare om ’n nes mee te bou. Bye versamel stuifmeel van die bloeisels. En ’n spinnekop het haar web tussen die bok se horings gespin.

En die week daarna sien hulle ’n jong gemsbok wat aan die sappige lote knibbel.

“Wel?” sê die aasvoël se ma. “Kyk na die lewe wat een bok gegee het. Hy het vir ’n spinnekop ’n blyplek gegee en vir die vinke ’n nes, hy het die bye en skoenlappers gevoed, vir die duisendpoot skuiling gebied en die volgende geslag bokke sterk gemaak.”

Die jong aasvoël glimlag.





Die twee aasvoëls vlieg terug na hul nes hoog bo teen die krans.

“Dis nie net ons liggame wat agterbly wanneer ons doodgaan nie,” sê die aasvoëlma. “Ons laat ook ons lesse en ons liefde en ons herinneringe agter.”

“Waar los ons al daardie dinge?” vra die jong aasvoël.

“Ons laat dit in ons kinders en in ons familie en vriende agter. Jy is reeds my groen lappie aarde, Klein Aasvoël. En jy sal dit altyd bly.”